25 Mei 2026

# Tygie-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za | Facebook: facebook.com/Tygies | E-pos: admin@tygies.co.za

MARKUS 11:24 Alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang, mits julle God daarmee vertrou.

**PROGRAM VIR DIE WEEK**

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG – 25 MEI** | **Skolierpatrollie – Groep 3** | **Dag 5** |
| • **Juffrou Jean-Nola Postma verjaar!** | | |
| • Tennis (Oop A & -B en o.11A & -B: Seuns): Oefening | | 06:30 |
| • Sagtebal (o.10 en o.11): Oefening (voorseisoen) | | 06:30 – 07:00 |
| • Hokkie (o.10-o.13: Dogters): Kondisionering (multifunksionele baan) | | 06:30 – 07:10 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening | | 06:30 – 07:10 |
| • Landloop: Oefening | | 06:30 – 07:15 |
| • **ISF: Toets – Natuurwetenskappe en Tegnologie (graad 4-6)** | | |
| • **ISF: Toets – Kreatiewe Kunste: Teorie (graad 7)** | | |
| • Juniorkoor: Oefening (skoolsaal) | | 13:15 – 14:00 |
| • Rugby (o.10B en o.13A-B): Oefening | | 13:15 – 14:15 |
| • Rugby (o.11 en o.13C-E): Oefening | | 14:00 – 15:15 |
| • Marimba-orkes: Oefening | | 14:15 – 15:30 |
| • Mininetbal (o.8): Oefening (multifunksionele bane) | | 14:15 – 15:15 |
| • Rugby (o.9, o.10A en o.10C): Oefening | | 15:15 – 16:30 |
| • Mininetbal (o.9): Oefening (multifunksionele bane) | | 15:15 – 16:15 |
| • Bulletjierugby (o.6 - o.8): Oefening | | 16:30 – 17:30 |
| • Senior Revuegroep: Oefening (skoolsaal) | | 17:00 – 19:00 |
| • Hokkie (o.9 en o.10: Dogters): THA (multifunksionele baan) | | 17:15 – 18:15 |
| • Hokkie (o.9 - o.13: Seuns): THA (Tyger Valley College-astro) | | 17:15 – 18:15 |
| **DINSDAG – 26 MEI** | **Skolierpatrollie – Groep 3** | **Dag 6** |
| • **Juffrou Marike Labuschagne verjaar!** | | |
| • Tennis (Oop A & -B en o.11A & -B: Dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | | 06:30 – 07:10 |
| • Hokkie (o.10-o.13: Seuns): Kondisionering (multifunksionele baan) | | 06:30 – 07:10 |
| • Landloop: Oefening | | 06:30 – 07:15 |
| • **ISF: Toets – Lewensoriëntering (graad 7)** | | |
| • Lofdansers: Oefening | | 13:15 – 13:45 |
| • Tennisrondomtalie-inskrywings sluit (sien bladsy 3) | | 14:00 |
| • Mininetbal (o.7): Oefening (multifunksionele bane) | | 14:00 – 15:00 |
| • Rugby (o.10 en o.11): Oefening | | 14:00 – 15:30 |
| • Netbal (o.10 en o.11: A-D): Oefening | | 14:00 – 15:30 |
| • Mininetbal-akademie: Slegs dogters wat ingeskryf het (multifunksionele bane) | | 15:00 – 16:00 |
| • Rugby (o.9 en o.13): Oefening | | 15:30 – 17:00 |
| • Netbal (o.12 en o.13: A-D): Oefening | | 15:30 – 17:00 |
| • Stoei (o.7 - o.13): Oefening (skoolsaal) | | 18:00 – 20:00 |

| | | |
|---|---|---|
| **WOENSDAG – 27 MEI** | **Skolierpatrollie - Groep 4** | **Dag 1** |
| • Tennis (Oop C en o.11C & -D: Seuns, Oop seuns reserwes): Oefening | | 06:30 |
| • Sagtebal: Pitching (voorseisoenoefening) | | 06:30 – 07:00 |
| • Hokkie (o.10 - o.13: Dogters): Kondisionering (multifunksionele baan) | | 06:30 – 07:10 |
| • Landloop: Oefening | | 06:30 – 07:15 |
| • Juniorkoor: Oefening (skoolsaal) | | 13:15 – 14:00 |
| • Skaak (graad 1-3) in juffrou Celestine se klas (G4) | | 13:15 – 14:00 |
| • Rugby (o.10B en o.13A-B): Oefening | | 13:20 – 14:15 |
| • Skaak (graad 4-7) in juffrou Celestine se klas (G4) | | 14:00 – 15:00 |
| • Seniorkoor: Oefening (skoolsaal) | | 14:00 – 15:00 |
| • Rugby (o.9): Oefening | | 14:00 – 15:00 |
| • Mininetbal (o.9): Oefening (multifunksionele bane) | | 14:15 – 15:15 |
| • Rugby (o.10 en o.11): Oefening | | 15:00 – 16:00 |
| • Netbal (o.10 tot o.13A-D): Oefening | | 15:30 – 17:00 |
| • Rugby (o.13C-E): Oefening | | 15:45 – 16:45 |
| • Bulletjierugby (o.6 - o.8): Oefening | | 16:45 – 17:30 |
| • Hokkie (o.11 - o.13: Dogters en doelwagters): THA (multifunksionele baan) | | 17:15 – 18:15 |
| **DONDERDAG – 28 MEI** | **Skolierpatrollie - Groep 4** | **Dag 2** |
| • Tennis (o.11C-dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tennis (Reserwes: Oop-dogters & o.11-seuns en -dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Hokkie (o.10 - o.13: Seuns): Kondisionering (multifunksionele baan) | | 06:30 – 07:10 |
| • Ouervergadering: Finansiële state van 2025 (Panthera) | | 07:00 |
| • **ISF: Toets – Wiskunde Toets 1 (graad 4-7)** | | |
| • Netbal: Liga 7 vs. L/s Elarduspark (tuis) | | |
| • Rugby: Liga vs. L/s Elarduspark (tuis) | | |
| • Mininetbal (o.9): Oefening | | 14:00 – 15:00 |
| • Mininetbal (o.8): Oefening | | 15:00 – 16:00 |
| • Mininetbal (o.7): Oefening | | 16:00 – 17:00 |
| • Stoei (o.7 - o.13): Oefening (skoolsaal) | | 18:00 – 20:00 |
| **VRYDAG – 29 MEI** | **Skolierpatrollie - Groep 4** | |
| • Sagtebal (o.12 en o.13): Voorseisoenoefening | | 06:30 – 07:00 |
| • Tygieland: Markdag en Comrades Colour run (sien bladsy 3) | | |
| • Eisteddfod voordrag Engels: Inskrywings sluit (sien bladsy 3) | | |
| • ATKV-Redenaars semifinale uitdunrondes (H/s Menlopark) | | 13:00 |
| • Krieket (o.8): Oefening | | 13:30 – 15:00 |
| • Netbal (o.10 - o.13: A-spanne): Oefening | | 13:30 – 14:30 |
| • Rugby (o.9 - o.13): TRA | | 13:30 – 14:30 |
| • Landloop: Aandwedloop (H/s Eldoraigne) | | |
| **SATERDAG – 30 MEI** | | |
| • Bergfietsry: Gauteng Skolereeks 2 | | |
| • Bulletjierugby: Curro Hazeldean | | |
| • Netbal (o.10A en o.11A): Butterfly Festival | | |

## SPORT

Uitslae vir netbal en tennis: [Skakel]

## EISTEDDFOD AFRIKAANS

Baie geluk aan die volgende leerders met hul pragtige uitslae by die Afrikaanse Eisteddfod. Julle harde werk, mooi voordragte en dapper optredes het ons sommer baie trots gemaak. Julle het gewys dat oefening, deursettingsvermoë en selfvertroue deurslaggewend is!

Die volgende leerders was **itemwenners**: Elise van der Zee (graad 3), Katryn Loots (graad 3) en Sebastian Bornman (graad 5).

## ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die volgende sprekers wat deurgedring het na die semifinaal van ATKV-Redenaars wat op Vrydag, 29 Mei by Die Hoërskool Menlopark sal plaasvind: Sebastian Roets (graad 2), Dilia Geyer (graad 3), Ané Hechter (graad 3), Liya Wepener (graad 3), Sebastian Bornman (graad 5) en Lia Botes (graad 6).

## TENNIS

Volg asseblief die skakel hieronder vir die **Tennisrondomtalie-inskrywings** om **kwartaal 3 (2026)** se ligaspanne te bepaal. Die sluitingsdatum vir inskrywings is **26 Mei** om **14:00**. **Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.**
Skakel: https://forms.gle/qfvzhtxmr5AAK8PB9

**Neem kennis:**

- Die tennisrondomtalie dien as **proewe vir spelers** vanaf graad 1 tot 7 wat reeds tennis kan speel en aan al die vereistes, soos in die skakel uiteengesit, voldoen. Hierdie is nie ’n geleentheid vir leerders om te leer tennis speel nie.
- Die rondomtalie se datums is redelik versprei weens ’n vol kwartaalprogram. Dit is dus belangrik dat ouers hul deeglik vergewis van al die datums soos deurgegee, en nie ander verpligtinge op hierdie datums vasmaak nie.
- Indien u kind nuut ingeskryf is, is dit die ouer se eie verantwoordelikheid om die afrigters van JL’s Akademie (afrigters Blaise en Adriaan) te kontak en self so spoedig moontlik ’n evaluasie vir u kind te reël. Alle evaluasies moet teen **5 Junie** afgehandel wees. Hul kontakbesonderhede is op die webtuiste beskikbaar.
  Daar sal weer ’n rondomtalie aan die einde van die jaar plaasvind. Hierdie rondomtalie sal na afloop van kwartaal 4 se eksamen tot in die tweede week van Desember plaasvind. Hou dié asseblief in gedagte wanneer u vakansieplanne maak.

## EISTEDDFOD VOORDRAG: ENGELS

Voltooi asb. die Google-vorm indien u belangstel om u kind vir die Eisteddfod in te skryf. Die sluitingsdatum vir inskrywings is **29 Mei**. Almal is welkom. Moenie hierdie geleentheid misloop nie.

- Graad 1-3: Eisteddfod 2026 (Voordrag: Engels)
- Graad 4-7: Eisteddfod 2026 (Voordrag: Engels)

## TYGIELAND-MARKDAG & COMRADES: 29 MEI

- Tygieland bied op **Vrydag, 29 Mei** ons jaarlikse **Markdag** en **Comrades Colour run** aan.
- Alle **graad RR tot 7-leerders** word aangemoedig om die Markdag te ondersteun en deel te neem aan die Comrades.
- Leerders mag in ’n ou wit hemp en ‘n gepaslike broek skool toe kom om aan die **Colour run** deel te neem.
- Leerders sal binne hul graadgroepe deelneem, en medaljes sal aan die eerste drie plekke toegeken word.
- Die doel van die dag is om pret te hê, ’n gesonde leefstyl aan te moedig en landloop as sportsoort bekend te stel.
- Verf **@ R20 per sakkie** vir die Colour Run kan **d.m.v. d6 App** (**projek: Comrades Colour run**) aangekoop word. **Let wel:** U moet self die bedrag insleutel.
- Leerders mag meer as 1 sakkie verf koop. Daar is 6 verskillende kleure verf beskikbaar.
- **Betalings** sluit op Dinsdag, **26 Mei** om **14:00**.
- Leerders sal hul **verf op 29 Mei** by hul **voogonderwyser ontvang**.

## EK IS ’N HERO-KOMITEE

Die **Ek is ’n Hero-komitee** gaan hierdie winter saam met die skool GROOT met gee! Ons samel enige kinder/volwasse wintersklere en komberse in vir Jakaranda-kinderhuis om ander hierdie winter warm te hou. Ons mikpunt is om ten minste **250 swartsakke vol skenkings** in te samel.

Skenkings kan van **1 tot 19 Junie** in die blou houers by **Collen se hek** en **Tygieland se ingang** ingegee word. Onthou ook om met elke skenking jou kind se naam en graad in die rooi boks te gooi vir ’n kans om ’n lekker prys te wen.

Elke item maak ’n verskil. Kom ons wys hoe groot ons skool se harte is!

## REDENAARS: BELANGRIKE DATUMS 2026

ATKV:

**29 Mei**: ATKV-Redenaars semifinale uitdunronde (Hoërskool Menlopark)
**5 Augustus**: ATKV-Redenaars nasionale finaal (Klein-Kariba)


| Radikale Redenaars | Oppie Tong Af | Kansvatter Redenaars |
|---|---|---|
| **9 Julie**: Uitslae op die web<br>**1 Augustus**: Streeksfinaal (Laerskool Concordia)<br>**17 Oktober**: Nasionale finaal (Laerskool Concordia) | **26 Junie**: Span-inskrywings sluit<br>**21 Julie - 7 Augustus**: Uitdunrondte<br>**7 – 12 September**: Semifinale rondte (individueel en span)<br>**8 – 10 Oktober**: Nasionale finaal | **26 Junie**: Span-inskrywings sluit<br>**24 – 31 Julie**: Instuur van video-skakels spanne<br>**22 – 28 Julie**: Semifinaal instuur van video-skakels |

## FOTO’S: FAMILIE EN AFWESIGES

Volg die skakel vir die instruksies om die fotobestellings aanlyn te kan doen: Skakel

- Die finale bestellings **sluit** 4 Junie.






# Sultans of Swing

*Gholfdag t.b.v. Liefdadigheid (Tygerpoort Onderwys Trust)*

## Wat om te verwag

| | |
|---|---|
| **WAAR:** | Silver Lakes Gholflandgoed |
| **FORMAAT:** | "Betterball Stableford" ("Shotgun start"– 11h00) |
| **INGESLUIT:** | "Green fees", "Goodie bag", Karretjies, "Halfway House", Prysuitdeling-funksie en aandete |

**4 Bal: R9 000**
**Borg 'n putjie: R4 000**

**BESPREKINGS :** Christoff Ferreira: 082 925 4136
christoff@hrconnect.co.za

MBT PETROLEUM

ROSELLA
Style Inspired by Elegance

Sultans of Swing NPC,
FNB Lynnwood, 252045,
Business Cheque, 62701740533

Sultans of Swing NPC
Reg No 2017/195179/08



## AANDAG TYGIE-OUERS!

**IDEALE GESINSWONING TE KOOP IN WAPADRAND,**
**5 MINUTE VANAF LAERSKOOL TYGERPOORT.**

Ruim en lig; vier slaapkamers; drie badkamers; drie garages plus ‘n afdak. Heeltemal “off the grid” met solar en boorgat. Groot grasperk, swembad, “jungle gym” en sekuriteitskameras. Nuut uitgeverf en netjies. Groot lapa by swembad met ingeboude braai, spitbraai en pizza-oond.

**Skakel Goran by 084 587 7779.**



Is jy op koers met jou aftreebeplanning en spaarfonds vir jou kinders se studies?

Kontak my vir ‘n GRATIS Welvaart assessering

## PSG Wealth Pretoria Oos

**Ons dienste sluit in:**

- Omvattende finansiële – en aftreebeplanning
- Portefeuljebestuur
- Beleggingsbestuur
- Volle Aandele Makelaarsdienste
- Werknemersvoordele
- Lewens- en Risikodekking
- Fidusiêre Dienste - Boedelbeplanning en Testamente

**PSG Kantoor van die jaar 2024/2025**
13 keer wenner

**Kontak my vir kundige finansiële advies:**




Lorika Steyn CFP®
Welvaart Adviseur
C 083 225 2695
T 086 177 4000
E lorika.steyn@psg.co.za


PSG Wealth Pretoria Oos
4de Vloer, Lynnwood Bridge Kantoorpark
4 Daventry Straat, Kaaimans Gebou,
Lynnwood Manor, Menlo Park, 0081

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is ’n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FDV 728

PSG Wealth


Ons kweek 'n
LIEFDE
vir LEES
Little Readers
and Pre - Readers
CREATING A LIFELONG FOR READING
3 - 13
jaar
082 926 6066 silverlakes@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za


Mini Meesters
leersentrum
WISKUNDE, TALE EN LEERVAKKE
Ekstra klasse,
Huiswerkhulp,
Eksamenvoorbereiding
Gekwalifiseerde juffrouens gee klas.
Klein klasgroepies.
Weeklikse hersieningswerkkaarte oor die werk wat in die klas gedoen word.
Eksamenboekies en -opsommings wat gebaseer is op jou graad se afbakening.
Direkte kommunikasie tussen ons en jou kind se juffrou.
Kontak Elizna (Wiskunde): 066 290 9931
minimeesters@gmail.com
Kontak Leanie (Tale en Leervakke): 076 792 0915
Tijger Vallei Office Park


FREE Delivery
@ Tygerpoort
Alles vir KIDS
Want dit is mos SPECIAL !
die
KOEKLADY
Themed Buttercream Cupcakes
Minecraft Cupcakes
Superhero Cupcakes
1 Bite Cupcakes
Kids Create
Themed Party Packs
www.diekoeklady.co.za
072 242 3051
Pretoria East


RUGBY BUMS
NEW STORE
IS NOW OPEN
10% OFF
FIRST IN-STORE PURCHASE
VALID UNTIL 30 MAY 2026
https://rugbybums.co.za/
566 SERENE STREET
MARYLANE SQUARE
GARSFONTEIN
www.rugbybums.co.za


EKSAMEN-
VOORBEREIDING
Elke dag tel - begin nou !
Bou jou selfvertroue, verbeter jou punte en bereik jou beste met ons hulp.
SKRYF NOU IN
en begin jou voorbereiding vandag vir die eksamens wat voorlê.
Individuele aandag tot elke leerder.
Ervare tutors en effektiewe leerprogramme.
Graad 4 tot 7
master maths
make your mark
maths
science
literacy
KONTAK ONS
SILVER LAKES
084 877 8880
WhatsApp ons!


LEES
MET
SELFVERTROUE
Spoed. Begrip. Vlotheid
GrR-Gr12
084 556 3121
WWW.TCSREADING.CO.ZA
ELNETT@TCSILVERLAKES.CO.ZA